higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VRAGLOGISTIEK
### NKR VLAK 4

(11020274)

**27 Februarie 2018 (Y-Vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

NCV

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNT: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Laat minstens DRIE reëls tussen vrae oop.
6. Begin elke afdeling op 'n SKOON bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

NCM

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf in die ANTWOORDBOEK slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) neer.

1.1 Watter van die volgende wette reël die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie?

A Nasionale Wet op Landvervoer
B Wysigingswet op Nasionale Padverkeer
C Wet op Seeverkeer
D Wet op Oorgrenspadverkeer

1.2 Die Nasionale Vervoermeesterplan sal na verwagting in ... in werking sal tree.

A 2020.
B 2010.
C 2050.
D 2030.

1.3 Die staatstenderstelsel word gereël deur die ...

A Wet op Landvervoer.
B Wet op Arbeidsverhoudinge.
C Wet op Openbare Finansiële Bestuur.
D Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

1.4 Watter onderneming in staatsbesit is vir die spoorbeleid verantwoordelik?

A Nasionale Haweowerheid
B Transnet
C Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika
D Transnet Haweowerheid

1.5 Die spoornet word in ’n primêre en ’n ... net verdeel.

A tersiêre
B sekondêre
C medium
D lae digtheid

1.6 Watter EEN van die volgende voorbeelde is NIE ’n vaste vervoerkoste nie?

A Toltariewe
B Lisensies
C Versekering
D Voertuigwaardevermindering

Kopiereg voorbehou 

1.7 Watter EEN van die volgende is NIE ’n voorbeeld van ’n inkomste nie?

A Produksiekoste
B Kommissie ontvang
C Verkoop van produkte
D Subsidies

1.8 Verkope minus koste van verkope is gelyk aan ...

A omset
B netto wins
C inkomste
D bruto wins

1.9 Die ... bestuursplan is gegrond op die maatskappy se missie en visie.

A taktiese
B strategiese
C operasionele
D korttermyn

1.10 ACSA is die akroniem vir ...

A Airports Company of South Africa.
B Authority Company of South Africa.
C Aviation Company of South America.
D Agency Company of South Africa.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf in die ANTWOORDBOEK slegs ‘waar’ of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) neer.

2.1 Niegemotoriseerde vervoer dui op alle vorme van vervoer wat enjinaangedrewe is.

2.2 Die drempelwaarde vir die 90/10-voorkeurpuntestelsel is minder as R1 miljoen.

2.3 Die rede van die publisering van ’n versoek om voorstelle (VOV) is om mededinging te bevorder.

2.4 Die tenderprys moet belasting op toegevoegde waarde (BTW) uitsluit.

2.5 ’n Groothandelaar skakel grondstowwe om in eindgoedere.

2.6 Inkomende logistiek dui op die fisiese verspreiding van eindgoedere.

2.7 Verkrygingskoste hou verband met die lewering van ’n produk aan ’n kliënt.

2.8 Wins is die verskil tussen inkomste en uitgawes.

2.9 Logistieke spille kom ver van groot stede en binnekomshawens voor.

2.10 Suid-Afrika is die grootste gouduitvoerder.

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> NMT Logistics het alle prysings- en spesifikasie-inligting ingewin om die gekoopte bestedingskern te verstaan. Weens 'n gebrek aan spesifikasies is 'n Versoek om Inligting (VOI) aan huidige verskaffers uitgereik om met die kernontwikkeling te help. Die Versoek om Voorstelle is ooreenkomstig die huidige spesifikasies van die VOI opgestel. Alternatiewe verskaffers is aangewys en 'n VOV is uitgereik met die oog op doeltreffende mededinging. Nadat reaksie ontvang is, is alle voorstelle ontleed en bykomende teikenprysings is geskep.

3.1.1 Waarvoor staan die akroniem VOV? (1)

3.1.2 Noem DRIE plekke waar NMT Logistics sy VOV kan adverteer. (3)

3.1.3 Wanneer word 'n tender gediskwalifiseer? (2)

3.1.4 Watter doelwitte word met die publisering van 'n VOV bereik?

(3 × 2) (6)

3.2 Verduidelik die konsep *vraglogistiekdeurgang*. (4)

3.3 Noem DRIE uitdagings waarmee maatskappye wat intermodale vervoer gebruik, te kampe het. (6)

3.4 Noem enige VIER grensposte van Suid-Afrika. (4)

**[26]**

## VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende terme en gee TWEE voorbeelde van elk:

4.1.1 Verkrygingskoste

4.1.2 Bergingskoste

(2 × 4) (8)

4.2 Bespreek aan die hand van voorbeelde die gebruik van alliansies as 'n sinergie wat in 'n aanbodketting tot stand gebring kan word. (3)

4.3 Gebruik die onderstaande inligting, SKRYF die INKOMSTESTAAT van MEPS Logistics in die ANTWOORDBOEK oor, en VOLTOOI dit.

**INKOMSTESTAAT VAN MEPS LOGISTICS VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2016**

| | | |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Minus: Koste van verkope | | |
| Bruto wins | | |
| Minus: Uitgawes | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Netto wins/verlies | | |
| | | |

MEPS Logistics het die volgende syfers vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 gehad:

| | |
|---|---|
| Verkope: | R6 000 000 |
| Koste van verkope: | R2 800 000 |
| Elektrisiteit: | R110 000 |
| Salarisse: | R810 000 |
| Instandhouding: | R90 000 |
| Brandstof: | R750 000 |

(10)

4.4 Noem TWEE eksterne faktore wat die winsgewendheid van die onderneming beïnvloed. (2)

**[23]**

NCV

**VRAAG 5**

5.1 Noem en verduidelik DRIE soorte bestuursplanne. (9)

5.2 Noem DRIE belangrike internasionale lughawens in Suid-Afrika. (3)

5.3 Maak 'n skets van 'n tipiese hiërargie van kliëntediens. (7)

5.4 'n Hele aantal faktore bepaal die prysing van ingevoerde goedere.

Noem enige VIER daarvan. (8)

5.5 Noem VIER hoofkommoditeite wat na Suid-Afrika ingevoer word. (4)
**[31]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**
**GROOT TOTAAL: 100**

NCM

Kopiereg voorbehou